

Lêerno.: 2/9/4/3
Verwysing: 20231130-286

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0006/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde van subdirektorate en afdelingshoofde (Hoofkantoor en distrikskantore)

Onderwerp: Rooster vir ITOPSCOM-vergadering

1. Die Bestuurskomitee (ITOPSCOM) vir Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is 'n uitbreiding van die ITSTEERCOM en vergader maandeliks, soos in die onderstaande tabel uiteengesit, om aansoeke vir standaard- IKT-toerusting te evalueer.
2. Verantwoordelikhedsbestuurders moet die goedgekeurde ITOPSCOM-aansoekvorm (Bylae A) voltooi wanneer IKT-goedere en dienste aangevra word. Die volledig voltooide, ondertekende en oorspronklike aansoek moet by die sekretariaat van ITOPSCOM, 12de Verdieping, Wharfplein-noord 1, Kaapstad, ingedien word. Alle aansoeke moet die sekretariaat minstens een week voor die vergadering bereik. Sodra dit ter tafel gelê is, sal die aansoeker/versoeker 'n afskrif van die goedgekeurde aansoek vir verdere verwerking ontvang. As die aansoek egter van die hand gewys is, sal hulle per e-pos daarvan in kennis gestel word.
3. Die ITOPSCOM sal slegs standaard- IKT-items evalueer. Die lys met standarde (Bylae B) word gereeld deur DotP:Ce-I bygewerk en is aanlyn beskikbaar by <https://mygov.westerncape.gov.za/services/it-policies-documents-and-forms>. Alle niestandaard-aansoeke sal met 'n aanbeveling na die ITSTEERCOM verwys word.
4. Die aansoek vir IKT-toerusting wat vervang moet word, moet vergesel wees van 'n tegniese verslag wat die rede vir die vervangingsversoek uiteensit. In gevalle waar IKT-toerusting vir nuwe aanstellings aangekoop word, is 'n motivering nodig om te staaf of enige toerusting voor die aanstelling in die pos voorsien is, en waarvoor die toerusting gebruik sal word.

5. Maak asseblief seker dat die ITOPSCOM-aansoekvorm aandui of toerusting hertoegewys en/of afgeskryf sal word, in welke geval Verskaffingskettingbestuur daarvan in kennis gestel moet word om die veranderinge op die bateregister aan te bring.
6. Die rooster vir die ITOPSCOM-vergaderings vir die 2024-kalenderjaar en die inhandigingsdatums vir aansoeke is soos volg:

DATUM VAN VERGADERING	TYD	SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE
31 Januarie 2024	09:00 – 12:00	24 Januarie 2024
28 Februarie 2024	09:00 – 12:00	21 Februarie 2024
27 Maart 2024	09:00 – 12:00	20 Maart 2024
24 April 2024	09:00 – 12:00	17 April 2024
29 Mei 2024	09:00 – 12:00	22 Mei 2024
26 Junie 2024	09:00 – 12:00	19 Junie 2024
31 Julie 2024	09:00 – 12:00	24 Julie 2024
28 Augustus 2024	09:00 – 12:00	21 Augustus 2024
25 September 2024	09:00 – 12:00	18 September 2024
30 Oktober 2024	09:00 – 12:00	23 Oktober 2024
27 November 2024	09:00 – 12:00	20 November 2024

7. Alle navrae oor die rooster vir ITOPSCOM-vergaderings kan per e-pos gestuur word aan Ashley.Jacobs@westerncape.gov.za of gerig word aan die Adjunkdirekteur: IKT-koördinerings (Kennis- en Inligtingsbestuur) by tel. 021 467 9322.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2023-12-12